Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

NOVEMBER 2022

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style.

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Kandidate mag NIE kunswerke bespreek wat reeds in ander vrae gebruik is NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning:

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy (paragraaf)
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e) (kort opstel)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

11. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

LAAT HIERDIE BLADSY OOP.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.

VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Kunstenaars doen meer as om net die tye te weerspieël. Hulle beeld die verskillende aktiwiteite uit van die gemeenskap waarin hulle leef.

1.1 Bestudeer FIGUUR 1a en FIGUUR 1b en bespreek die volgende:

- Die gebruik van lyn
- Die gebruik van ruimte en diepte
- Beide kunswerke gebruik geel en blou. Wat is die effek van hierdie kleurkeuse in ELKE werk?
- Styl en tegniek
- Die interaksie tussen die figure en die stemming en atmosfeer wat dit skep (10)

1.2 Bespreek die kunswerk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat oor die aktiwiteite van hulle gemeenskappe besin.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Kunselemente
- Moontlike invloede
- Media en tegniek
- Moontlike betekenis/boodskappe (10)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



FIGUUR 1a: Koboka Welcome Mandla, ***People Collecting Water (Mense Wat Water Gaan Haal)***, olie op bord, datum onbekend.

FIGUUR 1b: Ian Mwesiga, ***People And Chicken (Mense En Hoenders)***, olie op doek, 2020.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

Tamar Mason het 'n Suid-Afrikaanse landskap geskep wat invloede van ons Afrika-kultuur/-erfenis/-omgewing toon.

2.1 Bespreek die visuele beeld in FIGUUR 2a en die gedetailleerde nabybeelde in FIGUUR 2b en 2c deur na die volgende te verwys:

- Kunselemente (lyn, kleur en tekstuur))
- Komposisie
- Invloede:
  - Inheemse en/of Afrika-kunsvorms en visuele beelde
  - Spesifieke materiale en tegnieke wat in hierdie werk gebruik is en die effek op die styl en voorkoms van die werk (8)

2.2 Bespreek TWEE kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat 'n Afrika-invloed ondersoek.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Kunselemente
- Media en tegniek
- Invloed van Afrika- en/of inheemse kunsvorme (12)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 2a: Tamar Mason, ***South African Landscape (Suid-Afrikaanse Landskap)***, borduur- en kralewerk op swart materiaal, 2 x 1,5 m, datum onbekend.

FIGUUR 2b: Tamar Mason, ***South African Landscape (Suid-Afrikaanse Landskap)*** (detail).



FIGUUR 2c: Tamar Mason, ***South African Landscape (Suid-Afrikaanse Landskap)*** (detail).

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

Kunstenaars gebruik kuns as 'n manier om kommentaar te lewer en oor sosiopolitieke kwessies te besin.

3.1 Bespreek die kunswerk in FIGUUR 3a deur die volgende as 'n riglyn te gebruik:

- Gee DRIE redes waarom die man die fokuspunt van die komposisie is.
- Identifiseer die visuele beelde/objekte wat met mynbou verband hou.
- Bespreek die balans in hierdie komposisie.
- Moontlike betekenis/boodskap deur na die werk te verwys, die titel en die teks 'Under Destruction' ingesluit. (8)

3.2 Bespreek die kunswerk van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat jy bestudeer het wat op sosiale en/of politieke kwessies kommentaar lewer.

Gebruik die volgende riglyne in jou opstel:

- Onderwerp
- Media en tegniek
- Styl
- Boodskap/Betekenis (12)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



FIGUUR 3a: Loyiso Mkize, ***The Pooristocrat (Die Armistokraat)***, olie op doek, 2013.

Aristokraat:	'n Individu wat deel is van 'n uitgesoekte groep magtige mense wat beroemd, ryk, van 'n hoë klas of die hoogste sosiale klas is.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Kunswerke gee vir ons 'n kykie in die lewens van ander.

4.1 Bespreek FIGUUR 4a en 4b deur die volgende te beantwoord:

- Gee 'n kort beskrywing van ELKE kunswerk.
- Identifiseer die dominante visuele beeld in ELKE kunswerk. Gee redes vir jou antwoord deur na die komposisie en moontlike betekenis/boodskap te verwys.
- Watter rol speel kleur in die skep van die spesifieke stemming/atmosfeer in ELKE kunswerk?
- Watter werk verkies jy? Gee redes vir jou antwoord. (10)

4.2 Bespreek die kunswerk van enige TWEE kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat kuns-, kunsvlyt- en/of geestelike werke skep.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp en/of funksie
- Visuele beelde en simbole
- Kunselemente
- Media en tegniek
- Moontlike betekenis en boodskap (10)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 4a: Marion Boehm, ***Muinda's Prayer (Muinda se Gebed)***, gemengdemedia-collage, 2017.



FIGUUR 4b: Trevor Makhoba, ***Inguyazane (Caucus) (Take It Easy) (Inguyazane (Koukus) (Wees Rustig))***, olie op bord, 1995.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Kuns word dikwels deur die gebruik van tradisionele metodes en materiale geëvalueer. Kontemporêre kunstenaars daag dit dikwels uit deur alternatiewe media en tegnieke te gebruik.

5.1 Stem jy met die stelling hierbo saam of nie? Verduidelik jou antwoord. (2)

5.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy na FIGUUR 5a en 5b ten opsigte van die volgende verwys:

- Die spesifieke gebruik van gevonde materiaal en tegnieke, bv. collage, stikwerk en weefwerk, in die skep van hierdie kunswerke en die funksie/rol in die kunswerke
- Die invloed van Picasso/Duchamp of enige ander 20ste-eeuse kunstenaar op hierdie kunswerke (6)

5.3 Evalueer in watter werk die gebruik van materiaal die suksesvolste is. Gee redes vir jou antwoord. (2)

5.4 Bespreek TWEE kunswerke wat jy bestudeer het wat die gebruik van nuwe/alternatiewe media toon.

Verwys na die volgende riglyne:

- Tegnieke
- Invloede
- Media/Alternatiewe media
- Boodskap en/of betekenis van die kunswerk (10)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 5a: AdejokeTugbiyele, ***Homeless Hungry Homo (Hawelose Honger Homo)***, palmstamme, staal, draad, metaal, hout, Amerikaanse dollarnote (geld), 2014.



FIGUUR 5b: Wangechi Mutu, ***Mask (Masker)***, gemengde media en collage, 2006.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

6.1 Fadiel Hermans gebruik kragtige historiese en fiktiewe karakters. Hierdie karakters speel 'n rol in die vorming van 'n jong seun se identiteit.

- Stem jy saam dat speelgoed 'n rol speel in die skep van jou identiteit? Gee redes deur na FIGUUR 6a te verwys.
- Verwys na figure en objekte in die komposisie en hulle moontlike betekenis.
- Bespreek die gebruik van spesifieke kleur en fatsoene in die agtergrond
- Bespreek die stemming wat deur die liggaamshouding van die seuntjie, beelde en kleur geskep is
- Sou jy sê dat die titel relevant is? As jy die kunstenaar was, wat sou jy die kunswerk genoem het en hoekom? (10)

6.2 Skryf 'n opstel oor TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke wat identiteit in ons demokratiese samelewing aanraak. (10)
[20]

Bewaarder ('Custodian'): Iemand wat na dinge omsien of dit bewaar

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



FIGUUR 6a: Fadiel Hermans, ***The Little Custodian (Die Klein Bewaarder)***, olie en houtskool op doek, 2020.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Little boxes on the hillside Little boxes made of ticky-tacky Little boxes on the hillside Little boxes all the same There's a green one and a pink one And a blue one and a yellow one And they're all made out of ticky-tacky And they all look just the same.	Klein boksies op die heuwel Klein boksies gemaak van optelgoed Klein boksies op die heuwel Klein boksies – almal dieselfde Daar's 'n groen een en 'n pienk een En 'n blou een en 'n geel een En hulle is almal van optelgoed gemaak En hulle lyk almal net dieselfde. (Afrikaanse vertaling)

.

– Lied deur Malvina Reynolds (1962) en deur Pete Seeger (1963) gesing

Die samelewing is geneig om mense in kassies te kategoriseer.

7.1 Dink jy dat mense volgens geslag in kassies/boksies gesit word?

Vergelyk FIGUUR 7a en 7b neem die volgende in ag:

- Die betekenis van die houtkrat/-kassie in beide kunswerke
- Stereotipiese uitbeelding van die manlike en vroulike kind
- Kleredrag
- Simboliek van die objekte wat in die kratte geplaas is
- Moontlike betekenisse van die titels (10)

7.2 Skryf 'n opstel oor TWEE kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat op geslagskwessies kommentaar lewer. (10)
[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 7a: Angela Banks, ***Hidden Dreams (Verborge Drome)***, olie op doek, 2019.

FIGUUR 7b: Angela Banks, ***Deep in the Quiet (Diep in die Stilte)***, olie op doek, 2019.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Tradisioneel is huise geheel en al met die hand gebou. Met gevorderde tegnologie kan huise nou met gebruik van 3D-drukkers gebou word.

Skryf 'n opstel met verwysing na FIGUUR 8a tot 8d en gebruik die volgende riglyne:

- Voordele van volhoubare argitektuur
- Konstruksiemetodes – tradisioneel versus modern
- Fatsoen
- Ligbron(ne)
- Moontlike invloede
- Sluit EEN Suid-Afrikaanse gebou/struktuur in wat jy bestudeer het en wat jou geïnspireer het as gevolg van die innoverende gebruik van materiaal en boutegnieke. **[20]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 8a: ***Witgekalkte korbeelhuise ('corbelled houses')***, klip, modder en klei, Stuurmansfonteinplaas, Karoo, 19de eeu (deur nomadiese boere gebou)

FIGUUR 8b: Binneversiering van die ***korbeelhuise***, Stuurmansfonteinplaas, Karoo, 19de eeu.

FIGUUR 8c: Mario Cucinella Architects, ***TECLA 3D gedrukte huis***, 2021. Die huis is op die perseel gebou deur 'n mengsel van klei, water, die vesels van rysdoppe en 'n bindmiddel te gebruik. Hierdie herbruikbare, herwinbare, koolstof-neutrale materiaal word in 'n groot 3D-drukker ingevoer wat sirkelvormig beweeg en by enige klimaat kan aanpas.

FIGUUR 8d: Mario Cucinella Architects, ***TECLA 3D gedrukte huis*** (binnedetail), 2021.

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou